DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

FEESUITGAWE

Insig 24 /2025 - 5 September

Uit die Insigkantoor

- Die Menlo-fees en Menlovaria in beeld.
- Algemene kommunikasie.
- Die matrieks word na die matriekafskeid uitgenooi.
- Lees meer oor boomplantdag en die graad 10-leerders se Duitse aand.
- Die nuwe koshuisraad is aangekondig.
- Hoogtepunte op die sportveld.











KOMMUNIKASIE

Parkie-proppieprojek
Die projek is afgehandel. Baie dankie vir almal se ondersteuning.

Menlo ma's wat bid
Ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968.

Menlo pa's wat bid
Ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis.
Kontak: 082 457 6526 of 071 159 779.

Ed-admin (Menlo-kode: 599649)
Die skool herinner u graag om gereeld op u kind se profielfoto te klik vir die volgende: *Assessment feed & Learning and behaviour*. Ander belangrike inligting wat op Ed-admin beskikbaar is, is:

- Toetsrooster: Kwartaal 3
- Personeel se kontakbesonderhede
- Ekstra klasse vir Wiskunde en FW
- Studiekursus: Kwartaal 3

Fotobestellings

karen@miraclesphoto.co.za

Deel asseblief u mening oor Menlo-sport

Leerders in Die Hoërskool Menlopark ontvang blootstelling aan plaaslike, nasionale en internasionale deelname in verskeie sportkodes. Die skool streef daarna om uitnemendheid in alle aspekte van sport te bevorder. As deel van ons strewe na voortdurende verbetering, nooi ons u, as ouer of voog, om u mening met ons te deel. U terugvoer oor die huidige sportprogram is van onskatbare waarde en sal ons help om 'n meer afgeronde produk aan leerders te bied. Die skool versoek ouers derhalwe om die skakel met betrekking tot terugvoer oor die skool se sportprogram te voltooi.

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

In 1976 is die matriekafskeid sommer in die skoolsaal gehou. Op die foto hiernaas sing die koor, onder leiding van mnr. Adolph Theron, vir die matrieks by die matriekafskeid.

Afrikaans: 100 jaar Het jy geweet?

Aartappel en ertappel is wisselvorme.

AMFI-HOOGTEPUNTE

- Die matrieks is vandeesweek amptelik na die matriekafskeid uitgenooi.



- 2025 se Tekkielympics is met ‘n epiese tweestryd tussen die onderwysers en leerders aan die Menloparkers bekendgestel. Maak gerus ‘n draai by me. Eleanor du Toit (netbalkantoor) om vir die mees opwindende sportgebeurtenis op Menlo-bodem in te skryf. Tekkielympics: 30 September 2025.

OP MENLO-BODEM

BOOMPLANTDAG

Boomplantdag word wêreldwyd gevier om mense van die belangrikheid van die bewaring van bome en woude bewus te maak. Op Menlo-bodem is 'n paar groen reuse destyds opsy geskuif om plek vir die amfiteater te maak. Daar is verlede jaar met die inisiatief begin om 'n nuwe boom te plant vir elke boom wat verwyder is. Die volgende bome het verlede week 'n nuwe tuiste op Menlo-bodem gekry: 'n Vanwykshout, tambotie, vier kremetarte en vier Outeniekwageelhoutbome.

Die Vanwykshout is geplant om me. Esmé Claassen vir haar bydrae tot onderwys en die skool te vier.

Baie dankie aan die Matriekraad se omgee- en terreinkomitee vir hierdie groen inisiatief.

MENLOFEES

Dit is altyd 'n fees om 'n Parkie te wees, maar een maal per jaar word Parkie-wees behoorlik gevier.

Die feestelikheid het reeds vroeg verlede week onder die Menlovaria-vaandel afgeskop. Hier het die vermenging van talent vir 'n kaleidoskoop van heerlike samesyn en luilekker vermaak gesorg.

Saterdag het die Menlo-bodem sy skoene uitgeskop om 'n welverdiende blaaskans saam met die feesgangers te neem. Die skool se kenmerkende blou en wit is deur 'n palet van kleur en klank aangevul en die boodskap wat deur die strate geëggo het, was eenvoudig: "Die Menlofees is die enigste plek waar jy vandag wil wees."

Skuins voor sononder het die graad 11-dogters gewys dat daar geen perke aan Parkie-kreatiwiteit is nie en dat jy selfs met 'n rokkie uit rommel soos 'n prinses op die loopplank kan draai. Die Menlofees is 'n produk van maande se beplanning en spanwerk deur die skool se begeesterde feeskomitee onder leiding van me. Priscilla Marais. Hierdie formidabele span het verseker dat die fees van 2025 nie gou vergeet sal word nie.

Baie dankie aan almal wat die fees ondersteun het en 'n bydrae tot die sukses daarvan gelewer het.

Ons maak gou weer so!

AKADEMIE

KLASSE 10 DEUTSCHER ABEND

Op Donderdag, 28 Augustus het die graadtien Duitsklas saamgetrek vir 'n Duitse-aand van formaat.

Daar was Duitse lekkernye te kies en te keur; benewens die hoofgereg van schnitzel met sampioensous, *Weißwurst* en *Pommes*, was daar ook heerlike bykosse en slaaie. Almal kon proe aan Alexander se *Sauerkraut* en *Brezeln* en het saamgesmul aan *Schweinsörchen* en *Schwarzwälder Kuchen.* Die prent is met 'n heerlike kaaskoek afgerond.

Die Duitse stomstreke het vir groot pret gesorg en die *Käsebrot*-span was die onbetwiste wenners. Op die maat van Rammstein se musiek (is dit regtig musiek?) is lekker gespring, gejil en gedans.

Baie dankie aan die Koekemoer-gesin wat as gashere ingestaan het en die vrolike graadtiens met ope arms verwelkom het.

KOSHUIS

KULTUUR

MENLOVARIA

Geniet die Menlovaria-fotoalbum.

KULTUUR

EISTEDDFOD

UITSLAG: CON SPIRITO

Quonita Kruger
Aanlyn instrumentaal

Nasionale forte-ronde
96% (Itemwenner)

SPORT

RUGBY

O. 16A's VEROWER SILWER BY SDC-NOORDVAALFINAAL

#houMenlodop
Hartlik geluk aan die o. 16A-span wat met 'n spogvertoning by verlede week se SDC-Noordvaalfinaal gewys het dat daar 'n belowende toekoms op Menlo-rugby wag. Die begeesterde vyftiental het die grootste gedeelte van die wedstryd oorheers, maar die telling was eindelik net-net in die opponente se guns. Die o. 16's het Menlo se vaandel deurentyd hoog gehou en ons harte bars van trots. Ons beurt sal kom!

Afrigter	Mnre. Dirk Odendaal, Corné Fourie, Stiaan Marx en Louis Meiring.
Spanlede	Dean Field, Dian de Bruin, Jayden Harris, Eduan Botma, Miller de Jager, Duran Pieterse, Dewald van Wyk, Luhan Hattingh, Nicolas Potgieter, Heinrich Classen, Zander Hamman, Ethan Fourie, Danie Botma, Eghardt Pitzer, Juan Grobler, Gihann Parsons, Rynhardt Buys, JW Erasmus, Thinus Smit, Alexander van Zyl, Rilee van Dalen, Arno Prinsloo en Cohen van Vuuren.

RUITERSPORT

UITSLAE: SANESA-UITHOURIT SE NASIONALE KAMPIOENSKAP

Leah de Witt en Stephan Botha het die Gauteng-span by SANESA se nasionale uithouritkampioenskap verteenwoordig. Welgedaan!

Ruiter	Perd	Vlak	Afstand	Prestasie
Leah de Witt	Sadon Ashwa	4	80 km (kompeterend)	6de
Stephan Botha	Arkab Klapper	1	60 km (trapleer)	5de

SPORT

KRIEKET

UITSLAE: LIGA

Menlopark 4de XI vs. Affies 4de XI
Menlo 152 almal uit (Rudo Rheeders 36)
Affies 153/2
Affies wen met 8 paaltjies.

Menlopark o. 14 C vs Affies o. 14 C
Affies 190/4 (Max Wilkins 2/24)
Menlo 121/8 Kristian Swanepoel 56*)
Affies wen met 69 lopies.

Menlopark 5de XI vs. Garsfontein 5de XI
Menlo 83 almal uit (Brian Makamu 25)
Garsfontein 59 almal uit (Dehan van der Merwe 4/16, Carlo van Dyk 4/25)
Menlo wen met 24 lopies.

Menlopark o. 15 A vs. Affies o. 15 A
Menlo 118 almal uit (Daniel O'Connoll 19)
Affies 119/4 (Chris Naudé 2/32)
Affies wen met 6 paaltjies.

SPORT

ATLETIEK

COSSASA-SPELE: ESWATINI

Ruvé van der Ende

Goud:
400 m
200 m
Aflos (4 x 400 m en 4 x 400 m– gemengde aflos)

Daniella Fourie

Goud:
Gewigstoot
Diskus

Janelle Kirkpatrick

Goud:
80 m-hekkies & 300 m-hekkies
Aflos (4 x 400 m– gemengde aflos)
Silwer
Aflos (4 x 100 m)
Brons
100 m

Jaco van Dyk

Goud:
Gewigstoot

Silwer:
Diskus

Megan Nieman

Goud:
100 m-hekkies & 400 m-hekkies
Aflos (4 x 100 m & 4 x 400 m)

SPORT

BERGFIETS

UITSLAE: CYCLE LAB-WEDREN (STEYN CITY)





Sub-Junior Boys

LJ van der Westhuizen

Youth 16 Women

Katrijn Botha

Junior 18 Men

Stephan Aldum

Die Cycle Lab-reeks staan einde se kant toe en die laaste wedren vind op Saterdag, 13 September by Hoërskool Monument plaas. #weesdaarweesdeel

Stephen Aldum vertrek vandeesweek na Switserland om Suid-Afrika by UCI se junior wêreldkampioenskap te verteenwoordig. #menlotrots

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

TUIMEL

GAUTENG-KAMPIOENSKAP

Bianca van der Westhuizen	Vlak 6	1ste
Caitlin Read	Vlak 8	2de

Beide gimnaste kwalifiseer vir deelname aan die nasionale kampioenskap. Welgedaan!

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

SAFARI OUTDOOR

INSIGPRENEURS

MARKPLEIN

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
Is jy 'n Parkie-entrepreneur?
Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.
STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N J-PEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.

SteynS
CULINARY SCHOOL
Where Michelin-star chefs are born
Steyns Culinary School – Waar jong drome kook!
Aansoeke vir 2026 is oop
Navrae: 072 645 5167
Highfield

INTERNATIONAL HOTEL SCHOOL
Go Anywhere
FOLLOW YOUR DREAMS AROUND THE WORLD
Study with Africa's Leading Hospitality & Culinary Business School.
Graduate job ready, our programmes offer unrivalled practical work experience.
Established for over 30 years, providing you with the best reputational head start.
We offer nationally registered and internationally recognised qualifications.
Choose to study Full-time, Blended, Part-time or Online towards a Degree, Diploma or Higher Certificate.
Pretoria
012 942 5781
010 288 0655
enquirepta@hotelschool.co.za
3rd Floor, Building C, 22 Umgazi Road, Ashlea Gardens, Pretoria, 0081
VIEW WEBSITE
SCAN HERE
Proudly part of the World's Leader in Hospitality Management Education
SOMMET EDUCATION
GLION Les Roches ÉCOLE DUCASSE INVICTUS
www.hotelschool.co.za
International Hotel School is registered as a Private Higher Education Institution with the Department of Higher Education and Training registration no.2000/HE07/005. Provisionally registered as a Private College with the Department of Higher Education and Training registration no. 2009/FE07/077. The International Hotel School (PTY) Ltd Reg No. 1992/006526/07.

LYNNWOOD GEMEENTE
Smulfees 2025
Koeldrank en lekkergoed
Kindervermaak
Wit olifant-tafel
Slypstasie
Wyn
Biltong en droëwors
Veiling
Pannekoek
Worsbroodjies
Jaffles
Kerrie en rys
Koffie en koek
NG Lynnwood Gemeente
6 Sep
@15:00 tot 21:00
Indien u betrokke wil raak, skakel asseblief die Kerkkantoor by
012 348 1245

LYNNWOOD PADEL
WAAR ELKE HOU TEL

KOM SPEEL PADEL BY **LYNNWOOD PADEL PARK**
EN ONDERSTEUN TERSELFDERTYD DIE SKOOL!
ELKE HOU MAAK 'N VERSKIL.

Bespreek vandag nog jou baan!

BESPREEK HIER

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK

Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.